RAADSBELEID

ONDERWERP : KONTRAKTEURONTWIKKELINGSPROGRAM

VERWYSING : 15.1.3

BESLUIT NR : 24.2/09/2003 DATUM : 29 September 2003

BELEIDSOOGMERK : Om 'n raamwerk daar te stel waarbinne plaaslike ekonomiese ontwikkeling (kortliks bekend as LED) binne die Munisipale Regsgebied van //Khara Hais op inklusiewe en gekoördineerde wyse bevorder word.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad erken sy verantwoordelikheid ten opsigte van die skepping van 'n gunstige omgewing vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling, die bemagtiging en verdere ontwikkeling van nuwe toetreders vanuit veral die histories benadeelde groepe tot die ekonomie en die ondersteuning en bevordering van bestaande ekonomiese aktiwiteite en groepe.

RIGLYNE

1. Plaaslike ekonomiese ontwikkeling (LED) is 'n geïntegreerde doelstelling wat oor departementele grense strek en waarby alle dissiplines in die munisipaliteit betrokke is. Dit konsolideer alle programme in alle afdelings ten opsigte van potensiaal tot bemagtiging, werkskepping en ontwikkeling.

2. Plaaslike ekonomiese ontwikkeling (LED) word gedefinieer om in die volgende sfere plaas te vind:

2.1 **Mikro en Informele sfeer** (afkondiging van straathandel verordeninge, afbakening van smousterreine, beleidstelling ten opsigte van tuiswinkels, ens.)

2.2 **Klein en Mediumsfeer** (daarstelling van 'n kontrakteursontwikkelings-program, akkreditasie van vaardighede, bymekaarbring van kontrakteurs en werksgeleenthede, ens).

2.3 **Makro sfeer** (skepping van voldoende nywerheidserwe, aanlok van groot besighede, aansporingsmaatreels in die vorm van nywerheidsinsentiewe, bevordering van toerismekultuur en beleggingsklimaat, ens).

3. Fokuspunte wat geïdentifiseer is en waarop groter klem geplaas word in die LED proses, is die volgende:

3.1 'n Goedgekeurde Kontrakteursontwikkelingsprogram.

3.2 Toerisme ontwikkeling.

3.3 Landbou bemagtiging

4. Ter bereiking van doelwitte is dit noodsaaklik om sekere implementeringsstrategieë daar te stel.
5. Werkskepping in die LED-program staan verder op drie bene, naamlik:

5.1 Projekte en werksgeleenthede wat deur die Raad self geskep word.

5.2 Projekte en werkgeleenthede wat deur ander rolspelers binne die munisipale grense van //Khara Hais aangepak word en waar die Raad slegs ‘n rolspeler in die ontwikkeling is.

5.3 Die aanlok van groot besighede.

6. Die invordering van inkomste wat aan die Raad toekom, soos gereël deur die Raad se Invorderingsbeleid, verskaf die finansiële meganisme om vir eie projekte te voorsien en sodoende werksgeleenthede te kan skep.

7. Verder ontgin die Raad alle potensiële bronne vir die verkryging van fondse vir CMIP, Waterwese en ander staats- en privaatprogramme.

PROSEDURE

1. Die Ekonomiese Ontwikkelaar is primêr verantwoordelik vir LED-aspekte soos:

   - Bevordering van ekonomiese klimaat.
   - Aanlok van groot besighede.
   - Aansporingsmaatreëls in die vorm van nywerheidsinsentiewe.
   - Identifikasie van fokusareas en -aksies.
   - Navorsing oor breë ekonomiese tendense in die //Khara Hais regsgebied.

2. Die Hoof Stadsbeplanning en Boubeheer is verantwoordelik vir die beplanning van nuwe nywerheidspersele volgens vooraf geïdentifiseerde behoeftes.

3. Wat voorgestelde Raadsprojekte betref, word dit jaarliks, tydens die GOP-proses, beoordeel aan die hand van Raads- en gemeenskapsprioriteite sowé as die potensiaal tot bevordering van ekonomiese klimaat, bemagtiging en werkskepping.

4. Nadat die begroting gefinaliseer is, ontleed alle Direktorate hulle onderskeie, goedgekeurde projekte.

5. Projekte wat nie departementeel beplan en afgehandel word nie, word aan die Tegniese Komitee voorgelê, ten einde te oordeel oor:

   - Moontlike opname in die Raad se goedgekeurde kontrakteurs-ontwikkelingsprogram.
   - Potensiaal vir werkskepping
   - Werksprosedures en -metodiek (implementeringsstrategieë).

6. Die Direktoraat Tegniese Dienste bestuur die Raad se kontrakteurs-ontwikkelingsprogram binne die raamwerk en voorskrifte daar gestel.

ROLLE

Raadslede.
Tegniese komitee.
Munisipale Bestuurder en Direkteure.
Hoof Stadsbeplanning en Boubeheer.
Ekonomiese Ontwikkelaar.

VERWANTE BELEID

1. Straathandel verordeninge.
2. Beleid op informele handel.
3. Tuiswinkels (Tuck Shops) binne die Munisipale Regsgebied.
4. Uitstal van goedere op sypaadjies.
5. Integrering van kapitaalprojekte met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan.
6. Prosedure by die beplanning en uitvoering van kapitaalprojekte en by die aanstelling van konsultante en kontrakteurs.
7. Toekenning van tenders asook die aanvra van kwotasies.
8. Kontrakwaarborge vir konstruksie- en bouprojekte.